education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# BESIGHEIDSTUDIES

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2008

**PUNTE: 300**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die onderstaande instruksies aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek al die leeruitkomste.

   AFDELING A: VERPLIGTEND (40)
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE VERPLIGTE vrae. (180)
   AFDELING C: Bestaan uit VIER vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling. (80)

2. Neem die tydstoedeling in ag wanneer die vrae beantwoord word.

3. Lees AL die instruksies by elke vraag aandagtig deur en neem kennis van wat vereis word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Beantwoord die vrae in volsinne, tensy anders vermeld.

6. Gebruik die puntetoekenning en die aard van elke vraag om die lengte van 'n antwoord te bepaal.

7. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte en tydstoedeling wanneer elke vraag beantwoord word.

8. LET WEL: Begin die antwoord van ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, byvoorbeeld VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy, ensovoorts

| VRAAG | AFDELING | PUNTE | TYDSDUUR |
|---|---|---|---|
| 1 | A: Meervoudigekeuse-vrae, Waar/Onwaar-items, Pasitems VERPLIGTEND | 40 | 30 minute |
| 2 | B: DRIE vrae VERPLIGTEND | 60 | 30 minute |
| 3 | | 60 | 30 minute |
| 4 | | 60 | 30 minute |
| 5 | C: Opstelvrae Beantwoord enige TWEE van die vier vrae. | 40 | 30 minute |
| 6 | | 40 | 30 minute |
| 7 | | 40 | 30 minute |
| 8 | | 40 | 30 minute |
| | **TOTAAL** | **300** | **180 minute** |

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 B.

1.1.1 Die probleemoplossingstegniek waar groepkonsensus vereis word, sonder dat die deelnemers in dieselfde vertrek is en waar hulle antwoorde anoniem bly, staan as die …-tegniek bekend.

A Delphi
B kragveld
C wen-wen
D kreatiewerespons

1.1.2 Kragonderbrekings dwing besighede om hulle deure toe te maak wanneer beurtkrag plaasvind. Dié uitdaging ontstaan in die … omgewing.

A primêre
B makro-
C mikro-
D sekondêre

1.1.3 Besighede wat aan hierdie Wet se vereistes voldoen, word met regeringskontrakte beloon, gebaseer op punte wat hulle op 'n telkaart verwerf:

A Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid
B Wet op Vaardigheidsontwikkeling
C Wet op Swart Ekonomiese Bemagtiging
D Wet op Gelyke Indiensneming

1.1.4 Die volgende meet die prestasie van die besigheid:

A Solvabiliteit
B Volhoubaarheid
C Likiditeit
D Winsgewendheid

1.1.5 Watter EEN van die volgende stellings is 'n stap in die strategiese beplanningsproses?

A Doen 'n SSGB-ontleding.
B Raak betrokke by 'n korporatiewe verantwoordelikheids-program.
C Verander die plan gereeld.
D 1% van die jaarlikse begroting moet op strategiese beplanning gespandeer word.

1.1.6 Entrepreneurskap as 'n produksiefaktor is belangrik omdat …

A entrepreneurs nie geleenthede kan identifiseer nie.
B deur alle risiko's te vermy, dit vir hulle moontlik is om in verbruikers se behoeftes te voorsien.
C daar nie van entrepreneurs vereis word om die besigheidsfunksies te bestuur nie; hulle moet net gapings in die mark identifiseer.
D hulle die produksiefaktore suksesvol moet kombineer.

1.1.7 Watter EEN van die volgende is 'n eienskap van gemotiveerde werkers? Werkers …

A is meer produktief.
B is gereeld afwesig.
C voltooi nie al hulle take betyds nie.
D het 'n lae moraal.

1.1.8 Boston (Edms.) Bpk. het 'n maksimum van ... aandeelhouers.

A 10
B 20
C 50
D onbeperkte

1.1.9 Die Wet op Arbeidsverhoudinge stipuleer die maksimum tyd wat 'n werker per week mag werk, is ...

A 8 uur per dag wanneer hulle 6 dae 'n week werk.
B 45 uur wanneer hulle 5 dae 'n week werk.
C 9 uur per dag wanneer hulle 6 dae 'n week werk.
D 48 uur wanneer hulle 5 dae 'n week werk.

1.1.10 Die keuse oor die korrekte verskaffers van grondstowwe teen die regte prys en gehalte is deel van die ...-funksie.

A menslikehulpbronne
B produksie
C aankope
D finansies (10 x 2) (20)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.6 H.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 'n Groep verteenwoordigers, wat bestaan uit werknemers van 'n organisasie, met die doel om insette in die besluitnemingsproses te lewer | A strategie<br>B induksie<br>C onetiese gedrag |
| 1.2.2 'n Prokureur bied 'n verkeersbeampte omkoopgeld aan om 'n verkeersboete te verminder | D werkplekforums<br>E onprofessionele optrede |
| 1.2.3 'n Sistematiese plan van aksie om besigheidsdoelwitte te bereik | F menseregte<br>G gesamentlike bedinging |
| 1.2.4 Werkgewers en vakbonde neem aan gesprekke deel om 'n geskil op te los | |
| 1.2.5 Proses waardeur nuwe werknemers aan die besigheid bekendgestel word | |

(5 x 2) (10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Leiding beteken om werkers te ontmoedig om die nodige toerusting te gebruik om doelwitte te bereik.

1.3.2 Leierskap is die vermoë van 'n individu om ander mense te beïnvloed om vrywilliglik by te dra om die besigheid se doelwitte te bereik.

1.3.3 'n 'Taktiese plan' is 'n plan van aksie waarmee doelwitte bereik word.

1.3.4 In 'n motorvoertuigversekeringskontrak moet die versekerde persoon 'n bybetaling maak wanneer 'n eis ingedien word.

1.3.5 Die posbeskrywing stipuleer die eienskappe wat van 'n aansoeker vereis word. (5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2**

2.1 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE MANIER WAAROP ONS BESIGHEID DOEN**

Eskom is tot die hoogste standaard van etiese optrede in al sy aktiwiteite en besluite verbind. Ons heg waarde aan integriteit omdat dit onmoontlik sou wees om, binne die beperkings van beste praktyk, daarsonder voortreflik te wees, kliëntetevredenheid te verskaf en innoverend te wees. Om integriteit op prys te stel, beteken om deurentyd so op te tree dat dit vertroue, afhanklikheid en 'n verbintenis tot eerlikheid sal bevorder.

Eskom se primêre bydrae tot sosiale ontwikkeling is deur sy betrokkenheid by die 'Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa' (Asgisa) en in besonder by die Eskom Ontwikkelingstigting, wat sentraal deur die uitvoerende hoof se kantoor gekoördineer word. Eskom se mees betekenisvolle bydrae sal steeds lê in die kernbesigheid om bekostigbare, betroubare elektrisiteit te verskaf, maar ook terselfdertyd om ander gepaardgaande aktiwiteite, wat veiligheidsinisiatiewe, vaardigheidsontwikkeling, werkverskaffing, onderwys en gesondheid (MIV/Vigs) insluit, 'n hupstoot te gee.

As gevolg van die aard van sy aktiwiteite het Eskom 'n impak op die omgewing. Die doeltreffende bestuur en verligting van hierdie impak is 'n hoë prioriteit.

2.1.1 Beskryf die konsepte *etiese gedrag* en *professionele gedrag*. (4)

2.1.2 Eskom word beskou as 'n onderneming wat omgee. Gee TWEE voorbeelde uit die gevallestudie om hierdie stelling te ondersteun. (4)

2.1.3 Een van Eskom se doelwitte is om 'n omgewingsbeleid daar te stel. Verduidelik enige TWEE doelwitte van so 'n beleid. (4)

2.2 Die ondernemingsvorm beïnvloed die sukses of mislukking van die onderneming.

Bespreek hoe die volgende komponente 'n impak op die sukses of mislukking van die vennootskap sal hê:

- Belasting (4)
- Verdeling van winste (2)
- Kapitaal (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel uit 'n onderhoud en beantwoorde die vrae wat volg.

**ONDERHOUD MET 'N ONDERWYSER**

V: Wat behels u beroep?

A: Onderrig van vakinhoud aan leerders, assessering van hulle vordering, sportafrigting, berading van leerders met persoonlike of familieprobleme, inoefening van dramas en toesighouding oor fondsinsamelingsprojekte, om maar 'n paar te noem.

V: Waarvan hou u in u beroep?

A: Ek geniet dit om met jong mense te werk en om te sien hoe hulle gesigte ophelder wanneer hulle iets nuuts leer of wanneer hulle 'n moeilike konsep begryp en hul doelwitte bereik.

V: Wat beteken kreatiwiteit in u beroep?

A: Jy ondervind dikwels probleme om inligting of hulpbronne te vind wat in die onderrig van jou leerarea gebruik kan word. Daarom leer 'n mens om alle hulpbronne waarop jy jou hande kan lê, baie kreatief in die onderrig van jou leerders te gebruik.

V: Hoe beïnvloed spandinamika u werksplek?

A: Dit is belangrik dat al die personeellede in 'n span saamwerk. Dit verseker dat alle leerders toereikende onderrig ontvang en dat hulle almal die geleentheid het om hulle doelwitte te bereik en om volgens hulle vermoëns te presteer.

V: Watter raad kan u aan leerders gee wat daarin belangstel om 'n soortgelyke beroep te volg?

A: Om 'n onderwyser te wees, moet jy lief wees om met mense te werk, pligsgetrou, bekwaam, eerlik, betroubaar, deernisvol, geweldig hardwerkend en veelsydig wees.

V: Moet onderwysers hul kollegas respekteer?

A: Ja, elke onderwyser moet menseregtekwessies verstaan en weet hoe om dit in die werksplek te implementeer.

2.3.1 Die onderwyser het na die belangrikheid van 'n span verwys. Identifiseer DRIE eienskappe van 'n suksesvolle span. (6)

2.3.2 Spanwerk is 'n metode wat die werkgewer kan gebruik om die welstand van die werknemers te bevorder. Bespreek VIER redes waarom spanwerk belangrik is en stel VYF ander maniere voor waarop 'n werkgewer die welstand van die werknemers kan bevorder. (18)

2.3.3 Werkgewers en werknemers moet basiese menseregte in die werksplek bevorder. Identifiseer VIER voorbeelde van hierdie regte. (8)

2.4 Dui aan of die volgende verbale of nie-verbale aanbiedings is:

2.4.1 Die bemarkingsbestuurder wat die 'Microsoft Power Point'-rekenaarprogram gebruik om 'n besigheidsidee aan 'n nuwe kliënt voor te stel

2.4.2 Verkoopsyfers van 2005 en 2006 op 'n histogram aangedui

2.4.3 'n Video-opname deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) wat die vereistes vir die verskillende beroepe in Rekeningkunde aandui (6)

**[60]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**NUWE HORISONNE VIR SANDY SE FABRIEK**

Sandy is by die Kaapstadse meubelfabriek, waar sy vir vyftien jaar as ontwerper gewerk het, afgedank. Haar afdanking was 'n gevolg van ekonomiese en globale faktore.

Sy wil haar eie klein onderneming begin en beplan om haar ontwerpe na die buiteland uit te voer. Sy het haar broer, wie se onderneming vanaf die Sentrale Besigheidsdistrik (SBD), waar daar 'n hoë werkloosheid- en misdaadsyfer is, verskuif het, vir raad gevra. Haar broer het voorgestel dat sy haar onderneming in George, wat 'n ontwikkelende area is en naby Kaapstad is, oopmaak. George bied ook goeie geleenthede vir groei en die misdaadsyfer is laer as in Kaapstad. Die enigste verskil is die hoër huur van haar winkel.

Sandy se onderneming word deur verskillende makro-omgewingsfaktore beïnvloed. Die inwoners van George se inkomste is hoër as gevolg van die ontvolking van die SBD. Indien Sandy suksesvol is en haar meubels na ander lande uitvoer, sal die internasionale en globale faktore van die makro-omgewing ook die sukses van haar onderneming beïnvloed.

Sandy moet rekenaars met nuwe ontwerpprogramme installeer om haar ontwerpwerk te vergemaklik. Sandy het nog nooit enige rekenaaropleiding ontvang nie en het nog nooit voorheen met sulke programme gewerk nie.

3.1.1 Gee DRIE redes waarom Sandy haar onderneming George toe behoort te verskuif. (6)

3.1.2 Identifiseer voorbeelde uit die gevallestudie en tabuleer DRIE veranderlikes uit die makro-omgewing wat 'n uitdaging vir Sandy se onderneming sal bied. Verskaf 'n strategie (oplossing) om elkeen van hierdie uitdagings te oorkom. (18)

INSTRUKSIE: Gebruik die formaat hieronder om hierdie vraag te beantwoord.

| UITDAGING | VOORBEELD | STRATEGIE (OPLOSSING) |
|---|---|---|
| Tegnologiese uitdaging | Rekenaars en nuwe ontwerp-programme | Opleiding in rekenaars en ontwerpprogramme |

3.2 Sandy se onderneming moet by korporatiewe sosiale belegging inskakel.

3.2.1 Definieer *korporatiewe sosiale belegging*. (2)

3.2.2 Hoe, dink jy, sal ondernemings soos Sandy se fabriek deur korporatiewe sosiale belegging bevoordeel word? (8)

3.3 'n Lisensie om hout uit die Ngodini-plantasie naby Nelspruit te onttrek, is aan Zandile toegeken. Sy gebruik 100 trokke om die hout te vervoer en het 1 500 werknemers. Die maandelikse lone-en-salarisrekening van Zandile se onderneming beloop R6 400 000. Die fabriek prosesseer die hout na semi-klaar produkte in die vorm van planke wat sowel aan meubelvervaardigers as aan die boubedryf verkoop word.

3.3.1 In watter EEN van die drie hoofbesigheidsektore val Zandile se onderneming? (2)

3.3.2 Op watter wyse beïnvloed verskaffers en verbruikers Zandile se onderneming? (4)

3.3.3 Verduidelik kortliks die mate van beheer wat hierdie onderneming oor die omgewing waarin verskaffers en verbruikers werk, het. (4)

3.4 Zandile wil hê haar werknemers moet vertroud wees met huidige arbeidswetgewing.

3.4.1 Noem VYF doelwitte van die Wet op Gelyke Indiensneming. (10)

3.4.2 Wat is die maksimum ure oortyd per week wat die fabriekswerkers mag werk, volgens die Wet op Arbeidsverhoudinge? (2)


3.4.3 Gebruik die inligting in VRAAG 3.3 en bereken die bedrag wat Zandile se fabriek per maand aan vaardigheidsheffing moet betaal. (Toon ALLE berekenings.) (4)

**[60]**

**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

**RENTEKOERS- EN RU-OLIE-PRYSVERHOGINGS, TERWYL DIE RAND VERSWAK**




4.1.1 Identifiseer die maand waarin die brandstofprys die hoogste was. (2)

4.1.2 Hoeveel keer het die brandstofprys gedurende 2005 verander? (2)

4.1.3 Noem TWEE faktore wat tot die verhoging van brandstofpryse bygedra het. (4)

4.1.4 Noem DRIE maniere waarop die brandstofprys ondernemings kan beïnvloed. (6)

4.2 Maxi Myne se fabrieksbestuurder het pas bedank en sy pos is nou vakant. Die menslikehulpbron-bestuurder is genader vir advies oor hoe om die pos te vul.

4.2.1 Definieer die term *werwing*. (2)

4.2.2 Gee DRIE redes waarom 'n hoë arbeidsomset ondernemings negatief beïnvloed. (6)

4.2.3 Die kontroleproses is 'n belangrike deel van die besigheidsfunksies wanneer gehalte geëvalueer word. Bespreek TWEE van die stappe in hierdie kontroleproses. (6)

4.2.4 Evalueer die belangrikheid van VYF funksies wat deur die bemarkingsdepartement in 'n onderneming soos Maxi Myne verrig kan word om verkope te laat styg. (10)

4.3 Bestudeer die onderstaande betalingsadvies en beantwoord die vrae wat volg.

| **BETALINGSADVIES** | |
|---|---|
| **Naam:** Caylie Jones<br>**Departement:** Finansies<br>**Maand betaalbaar:** September 2008 | **Werknemernr.:** 67543<br>**Belastingkode:** 06 |
| **INKOMSTE** | **AFTREKKINGS** |
| Basiese salaris: R12 500 | Inkomstebelasting: R1 450<br>Pensioenfonds: 970<br>Mediesehulpfonds: 560<br>Werkloosheidsversekeringsfonds: 70 |
| Bruto salaris: R?<br>Aftrekkings: R?<br>Netto salaris: R? | |

4.3.1 Wat is die werknemer se bruto maandelikse salaris? (2)

4.3.2 Bereken die werknemer se netto salaris. (4)

4.3.3 Verwys na die bogenoemde betalingsadvies en identifiseer TWEE verpligte aftrekkings. (4)

4.4 Klassifiseer die volgende gevalle van versekering onder VERPLIGTE VERSEKERING of NIE-VERPLIGTE VERSEKERING. Gee redes vir elke antwoord.

4.4.1 Om jou eie lewe te verseker

4.4.2 Veiligheid van passasiers wat per bus op 'n openbare pad reis

4.4.3 'n Fabriek wat homself teen enige beserings wat deur werknemers aan diens opgedoen word, verseker (12)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE van die vier vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 5

| |
|---|
| Met verwysing na ondernemings soos die Rembrandt Groep, die Metlife Groep, Pick 'n Pay en Liberty Life is dit duidelik dat goeie bestuurders hul sakeondernemings na hoër hoogtes van prestasie, produktiwiteit en winsgewendheid sal lei, indien hulle ook goeie leiers is. |

Onderskei tussen *bestuur* en *leierskap* en onderskei tussen VYF tipes leierskapstyle wat in die onderneming kan voorkom. Verduidelik kortliks hoe elkeen van hierdie leierskapstyle konflik tussen werknemers van die onderneming sal bestuur. **[40]**

### VRAAG 6

| |
|---|
| Die Wet op Vaardigheidsontwikkeling het die potensiaal om die lewens van miljoene voorheen benadeelde mense, wat in die apartheidsera van onderriggeleenthede ontneem was, te verander. |

As die menslikehulpbron-bestuurder van jou maatskappy is jy 'n voorloper van vaardigheidsontwikkeling. Oortuig bestuur van die doelwitte en voordele van hierdie Wet en lig hulle in oor die doel en die rol van SETA's. **[40]**

### VRAAG 7

| |
|---|
| Simphiwe is 'n werknemer by Orion Skryfbehoeftes en ry met 'n motorfiets werk toe. Hy is deur sy toesighouer afgedank nadat hy vir byna 'n week lank laat was vir werk. Simphiwe het die saak by sy senior bestuurder aangemeld. Op die dag van die verhoor in die werksplek het Simphiwe verduidelik dat hy in die verkeer vasgevang was omdat die verkeersligte as gevolg van kragonderbrekings buite werking was. Hy het ook twee keer in die hysbak vasgesit.<br><br>Na afloop van die verhoor het die senior bestuurder besluit om Simphiwe af te dank. Hy was ongelukkig oor die besluit en het die saak by sy vakbond aangemeld. |

Verduidelik aan Simphiwe die voordele van lidmaatskap by 'n vakbond. Noem die partye wat by die arbitrasieproses betrokke is en bespreek die grieweprosedure wat in so 'n saak gevolg moet word. **[40]**

**VRAAG 8**

Jy is 'n finansiële adviseur by Finans Mpy. en is deur 'n nuwe kliënt, mev. Barlow, genader. Sy wil op vroeë pensioen gaan en sal R3 miljoen van haar aftree-annuïteitsfonds ontvang. Sy het twee opsies om haar geld te belê en benodig R20 000 om haar maandelikse uitgawes te betaal.

**OPSIE 1**

Sy kan die R3 miljoen in 'n beleggingsopsie van Eerste Nasionale Bank (ENB), met 'n saamgestelde rentekoers van 8% per jaar, belê.

Die vervalwaarde van die belegging in 2010 sal R3 842 471 beloop.

**OPSIE 2**

Sy kan die R3 miljoen in 'n rekening met 8% vaste rente per jaar vir drie jaar belê.

Daar word van jou verwag om 'n verslag aan mev. Barlow te skryf.

Verduidelik die verskillende tipes beleggings, bereken die opbrengs wat mev. Barlow in OPSIE 2 sal verdien en stel aan mev. Barlow voor, met redes, watter opsie sy behoort te oorweeg. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 80**

**GROOTTOTAAL: 300**

Kopiereg voorbehou